

Maandag

Ex. 3: 13 – 15; Rom. 1: 16 – 32; Jes. 44: 17 – 23. Teks Rom. 1: 17: "Wie op grond van geloof geregverdig word, sal leef." Tema: "In Christus maak God ons wie Hy ons wil hê." Wie ken u wie 'n goddelose mens is? Weet jy wanneer jy goddeloos is? Dit is die geestelikheid van hierdie wêreld dat almal op hulle EÍE manier geestelik met God besig is! Daarom is daar net 'n paar simpel en obskure karakters wat openlik verklaar hulle glo nie daar is 'n god nie. Alle ander mense erken God se bestaan op een of ander manier. Party noem hulle self ateïste, wat beteken hulle is sonder God wat dalk daar kan wees; of hulle noem hulself agnosties wat beteken jy kan God nie bestaan, nie regtig ken nie; óf hulle noem hulself panenteïsties, wat beteken God bestaan nie in Homself as God nie, Hy is in alles wat bestaan en daarom kan Hyself nie aanbid word nie maar moet in alles en almal vereër word; Nog ander leef panteïsties, wat beteken alles is goddelik met goddelike kragte. Nog ander verklaar hul self deïste, wat beteken God is daar, het alles gemaak maar nou staan Hy een kant en laat alles net oor aan die natuurkragte wat Hy gemaak het. Dit is daarom die algemene opvatting dat ALMAL glo daar is net een God en almal kan Hom dien soos hul voel en goeddink, of jy dit nou as Christen doen, as Jood, as Boeddhis, as Moslem of as voorvadervereërder – almal erken God se bestaan op een of ander manier. Binne hierdie algemene opvatting is daar nie iemand wat regtig goddeloos is nie. Met hierdie opvatting is daar ook niemand in Christelike gemeentes wie goddeloos is nie. Of jy nou God in eredienste vereër of dit nie doen nie, of jy God in gebed aanroep of nie doen nie, of jy deel is van die gemeenskap van die gemeente of nie is nie – niemand is goddeloos nie, want elkeen aanbid Jesus maar net op sy EÍE manier. Dit is deur hierdie algemene geestelike opvatting dat almal vir God spesiaal en besonders is, en elkeen maak God vir homself spesiaal op sy EÍE manier, dat níemand meer gesien word as goddeloos nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Ex. 3: 13 – 15; Rom. 1: 16 – 32; Jes. 44: 17 – 23. Teks Rom. 1: 17: "Wie op grond van geloof geregverdig word, sal leef." Tema: 'In Christus maak God ons wie Hy ons wil hê.' Paulus wys dat goddeloosheid is om die waarheid wat God self bekend maak oor wie Hy is, te onderdruk met die leuen oor wie mense God vir hulle self maak. Hulle doen dit só: "hulle sien en begryp duidelik dat God, God is omdat al God se onsigbare eienskappe, sy krag en goddelikheid, duidelik sigbaar vir alle mense in sy skepping wys." Wat hulle goddeloos maak, is dat hulle nie God as Gód wil eer en dank nie - al begryp hulle wie Hy is. Hulle wil hulself of ander mense of iets in die skepping, met die heerlikheid waarvoor hulle God moet eer en dank, verheerlik. Goddeloses onderdruk die heerlikheid van God deur sy eer en dank vir hulle self, ander of sommer net aan iets te gee, soos die noodlot, die natuur en natuurkragte. Daarom noem die Woord van God almal wie glo dat elke mens op sy eie manier vir God spesiaal is, en God op sy eie manier spesiaal maak – goddeloses! Hulle wil God nie eer en dank nie – hulle beeld God uit! Vandag beeld hulle God uit deur hulle lewe, deur wie hulle as mens is en wat hulle as mense doen! Dit is die

goddeloosheid in die Christelike Kerke wie Jesus se lewe, krag, naam, wil en bestuur van sy skepping, in en deur hulle lewe uitbeeld en uitleef! Deur God uit te beeld, dig hulle die heerlijkheid van God aan hulle self toe. God openbaar sy heerlijkheid om God te wees aan Moses só: “Ek is wat Ek is. Ek is.” (Ex. 3:14) Paulus beskryf hierdie heerlijkheid só: “Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan hom behoort die heerlijkheid tot in ewigheid.” (Rom. 11: 36) en “So sal God alles wees vir alles”. (1 Kor. 15: 28) Goddeloses wil hierdie heerlijkheid van God wat nét Syne is, hul eie maak. Hulle goddelose ongeloof is dan: “Ek is wie ék is en doen wat ék doen, en almal moet my só aanvaar en liefhê.” Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Ex. 3: 13 – 15; Rom. 1: 16 – 32; Jes. 44: 17 – 23. Teks Rom. 1: 17: “Wie op grond van geloof geregverdig word, sal leef.” Tema: 'In Christus maak God ons wie Hy ons wil hê.' Goddeloses begryp wie God is maar onteer Hom. Die eer en dank wat God toekom, is die vertroue in en liefde vir Hom, “Hy is wie Hy is en Hy maak my wie ek is. God maak my soos Hy my bedoel om ’n mens vir Hom te wees! Hy beklee my met menslike gesag om aan hom gehoorsaam te wees; Hy gee my ’n menslike lewe om as mens vir Hom te leef; Hy stel my in gemeenskap met elke mens wie Hy as mens maak. Hy rus my toe met besittings om versorg te kan leef binne sy diens; Hy gee betekenis aan my lewe as mens deur deel van sy werklike skepping te wees.” Die eer en dank wat God toekom, is die vertroue in en liefde vir Hom dat Hy my volgens sy bedoeling só mens laat wees vir Hom. Alles wie ek is, is ek uit Hom, deur Hom en vir Hom, en Hy is alles vir wie ek is en wat ek doen! Wie God as Skepper só vertrou, aanvaar sy wil as die wyse waarop ons binne sy bedoeling vir ons lewe om met menslike gesag Hom te gehoorsaam, in menslike gemeenskap met Hom te leef, met besittings deur Hom in sy diens versorg te word en om in die werklikheid van sy skepping te leef. Goddeloses onteer God as God deur hierdie bedoeling aan hulself en hul eie lewe toe te dig: “Ek is wie ek is en doen wat ek doen, uit myself, deur myself en vir myself, alles vir myself.” Habakuk beskryf goddeloosheid só: “Hulle is ’n nasie wat vrees en ontsag inboesem, hulle ken net een wet, een trots, hul eie!” (Hab. 1:7) Dit is hulle trots dat hulle gesag gee en vat by wie en soos hul wil,
* dat hulle kan lewe gee en vat aan wie en van wie wanneer hul wil,
* dat hulle by die gemeenskap insluit en uitsluit wie en soos hulle wil,
" dat hulle die mag het om aan mense besittings te gee of af te vat net soos hulle wil
* en dat hulle en hul lewe die werklikheid is vir alles en almal is.
Só onteer hulle God en dig sy heerlijkheid aan hulself toe. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Ex. 3: 13 – 15; Rom. 1: 16 – 32; Jes. 44: 17 – 23. Teks Rom. 1: 17: “Wie op grond van geloof geregverdig word, sal leef.” Tema: 'In Christus maak God ons wie Hy ons wil hê.' Liefde is liefde! Met hierdie slagspreuk verklaar goddeloses vandag dat elke mens het lief op sy eie manier, en elkeen bedoel sy liefde goed! Dit is die tweede

deel van die algemene opvatting dat elkeen God op sy eie manier dien. Die profeet Maleagi stel hierdie goddelose opvatting oor liefde so: “Julle het die Here moeg gemaak met wat julle gesê het ... Julle het dit gedoen toe julle gesê het “Vir die Here is almal wat verkeerd doen, goeie mense.” (Mal. 2: 17) Hoe bedoel alle mense alles altyd goed volgens goddeloses?

Só:

* of jy nou God erken en vertrou dat Hy is wie Hy is en doen wat Hy doen, en dat Hy jou maak om te wees wie jy is,

* en of ek myself sien en vertrou dat ek is wie ek is en ek maak god en mense soos ek hulle wil hê, is om te ewe. Let wel: dis goddeloses se opvatting. Waarom? Want liefde is liefde, maak nie saak hoe dit is nie! Hierteenoor kom Paulus en wys uit Jesaja 44 dat alles wat mense as liefde glo, is niks anders as sondige drifte en verdraaide opvattinge nie. (Rom. 1: 26 en 28) Goddeloses maak deur hulle verdraaide opvattinge asof sondige sondige begeertes, liefde is. Liefde is liefde, beteken sondige begeertes is liefde. Paulus gebruik homoseksualiteit as voorbeeld hoe goddeloses met verdraaide opvattinge voorhou asof sondige begeertes ware liefde is, terwyl dit net sondige begeertes is! Hulle verander die natuurlike omgang in teen-natuurlike omgang, en noem hierdie teen-natuurlike omgang liefde! Wanneer is liefde liefde en wanneer is dit wat liefde genoem word, sondige begeertes? Die bedoeling maak die verskil! Wie leef in die geloof dat God is wie Hy is en alles vir alles is, leef in liefde as mens menslik met mense. Maar... wie leef met die verdraaide bedoeling: Ek is wie ek is, alles is vir my” leef sy sondige begeerte om goddelik te wees asof dit ware liefde is. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Ex. 3: 13 – 15; Rom. 1: 16 – 32; Jes. 44: 17 – 23. Teks Rom. 1: 17: “Wie op grond van geloof geregverdig word, sal leef.” Tema: 'In Christus maak God ons wie Hy ons wil hê.' Sondige begeerte volgens God se Woord is nie iets soos seksuele drif of seksuele omgang nie, of iets soos drank en sigarette, of kompulsiewe neigings en gedrag nie! Dit is om hierdie bedoeling aan jouself te wil toedig en daarin te wil leef: “Ek is wie ek is, en ek doen wat ek doen, ek maak God en mense wie hulle is en soos ek hulle wil hê, dan leef hulle met die begeertes: “Mense en God moet my liefhê soos ek myself liefhet.” Dit is hoe mense begeer om soos God te wil wees! Dit is goddeloosheid! Paulus wys in Romeine 1 verse 28 – 31 dat alle mense se perversiteit kom uit hierdie drif en verdraaide opvatting: “Ek is wie ek is, en God en mense moet my liefhê soos ek myself liefhet.” “Hulle is een en al ongeregtheid, slegtheid, hebsug, en gemeenheid; hulle is vol jaloesie, moord, twis, bedrog en kwaadwillig ...” Maar... alles is nie maar liefde omdat liefde, liefde is nie! Mense maak alles deel van hul drif om só te wees: “Ek is wie ek is en ek maak God en mense soos ek hulle wil hê.” en in hierdie perverte begeerte verteer hulle alles en almal. Julle sal my lief hê, soos ek myself liefhet! Dit is nét wanneer mense VERLOS word van hierdie begeerte tot die liefde “God is wie Hy is en Hy maak ons soos Hy ons wil hê” dat die onderskeid tussen “goddeloos” en “God is met ons”, herken en

gesien kan word. Die aankondiging van die evangelie deur Paulus in Rom. 1:1 – 17 loop uit op die lofprysing aan God in 11: 36: “Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge!” Christus verlos ons van hierdie goddeloosheid: “Ek is wie ek is, uit my, deur my en vir my is alles, almal moet my liefhê soos ek myself liefhet!” Christus bring ons weer tot hiërdie erkenning en vertroue: “God is wie Hy is, uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge, ook ek, en daarom het ek God met my hele hart lief en my naaste soos myself. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za ds. Petrus

Saterdag ekstra

Ex. 3: 13 – 15; Rom. 1: 16 – 32; Jes. 44: 17 – 23. Teks Rom. 1: 17: “Wie op grond van geloof geregverdig word, sal leef.” Tema: 'In Christus maak God ons wie Hy ons wil hê.' In Christus herstel God ons weer om te wees wie Hy ons maak! Geloof in Christus is hoe ons weer binne die bedoeling wat God aan ons lewe gee leef: Hy is wie Hy is, en maak my wie Hy my wil hê. Hy maak my reg en heilig vir sy liefde! Daarom is dit alleen deur geloof in Christus dat mense weer God kan ken en vertrou vir wie Hy is en soos Hy God is. Alleen deur die geloof in Christus vind mense weer hulself deur God verbind om hom volkome lief te hê soos Hy is wie Hy is en hul naaste, elke naaste, as mense wat deur God gemaak is. Ons leef in vervulde liefde. Liefde binne die bedoeling wat God aan ons gee, Hy maak ons reg en heilig vir Hom. Goddeloses leef in 'n bedoeling wat net 'n begeerte is en alles verteer omdat dit nooit waar kan wees nie – “Ons is wie ons is en doen wat ons doen, en sal God en mense maak soos ons hulle wil hê.” Die rede hoekom goddeloosheid en goddeloses nie meer deur gelowiges in die kerk herken en geken kan word vir wie en wat dit is nie, is omdat gelowiges onderdruk word in hulle geloof in die Here! Predikante, priesters en pastore leer gelowiges om van Jesus ook net nog 'n afgod te maak. Hulle moet Jesus bemagtig en laat leef deur hulle hart, lewe, wil en persoon op te gee en oor te gee as offer sodat Jesus God deur hulle kan wees. So maak hulle Jesus 'n afgod wie mense teenwoordig, lewend en kragtig maak deur hulle harte en lewe soos hulle hom wil hê: Hy word die God vol begeertes wie mense bevredig. Hulle is wie hulle is en maak Jesus wie Hy is. Hierdie afgod Jesus word die god van mense se begeertes! Want as jy sy begeerte om 'n teenwoordige, lewende en kragtige god deur jou lewe en krag te word, sal hy jou die begeertes van jou hart gee: “Jy sal wees wie jy is en maak wat jy wil, met wie jy wil.” Dit is die narsistiese god vir narsiste! Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus